

Gereformeerde Kerk Bellville – 5 Maart 2017 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 46:1, 4 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwinkel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

- 4 Gewis die HERE Sebaot / sal sy gedugte mag laat blyk;
in nag en storm sal Jakobs God / ons rotsburg wees wat nooit beswyk.
kom nader en bemerk, / aanskou die HEER se werk; / hoe Hy die wêreld rig;
hoe alles voor Hom swig / en in ontsetting weg moet wyk!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 99:1, 2 (p. 492)

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!

- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 79:5, 6 (p. 403)

- 5 Gedenk die kwaad, deur ons gedaan, nie meer. / Ons euweldaad wil ons vergeef, o HEER!
En maak u volk wat nou, verswak, moet ly, / deur u gena weer van die skuldstraf vry.

- 6 Ons vra dit nie om ons verdienste, nee; / maar om u Naam die hoogste eer te gee;
en dat die vyand nooit met ons mag spot: / "Wie is die HEER? En waar is nou hul God?"

Gebed

Psalm 33:5, 9 (p. 159)

- 5 Die HEER se woord is skeppingsmagtig / wat lewe uit die dood gebied.
Hy spreek – dit staan daar lewenskragtig, / Hy roep net en dit het geskied.
Nasies en tiranne / smee verniet hul planne / in die vlam van haat.
Hy wat groot van mag is, / weet wat daar bedag is / en verbreek hul raad.

- 9 Die oorlogspêrd kan nie behou nie, / hoe hy ook aanstorm met geweld;
hy red nie met sy ysterklou nie / wat grimmig neerdreun op die veld.
Maar die HEER se oë / straal met mededoë / op wie, klein van krag,
voor Hom stilverslae / in hul donker dae / op sy goedheid wag.

Skriflesing: Daniël 8

Kernverse: Daniël 8:17-19

Toe kom hy by my staanplek; en toe hy kom, het ek geskrik en op my aangesig geval. En hy het vir my gesê: Let op, mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde. En terwyl hy met my spreek, het ek bewusteloos met my aangesig op die grond geval; toe het hy my aangeroeer en my op my staanplek opgerig en gesê: Kyk, ek maak jou

bekend wat aan die einde van die strafgerig sal gebeur, want dit sien op die bepaalde tyd van die einde.
(Daniël 8:17-19 AFR53)

Tema: Die Here gee aan sy kerk 'n blik op die eindtyd (1)

Geliefde gemeente van Jesus Christus, tussen Daniël 7 en Daniël 8 het daar 'n tydperk van tussen twee en drie jaar verloop. Dit is nou die derde regeringsjaar van koning Belsasar van Babilonië. Die toestand in die Babiloniese koninkryk is oor die algemeen nie meer so goed soos wat dit was toe Nebukadnesar nog die koning was nie. Die goue koninkryk soos wat die Here dit nog in die droom aan Nebukadnesar geopenbaar het (Dan 2) is algaande besig om sy glans te verloor. 'n Mens hoef maar net Daniël 4 en 5 te lees om die merkbare verskil tussen Nebukadnesar en Belsasar op te merk.

'n Mens sien ook die merkbare verskil van die twee konings se gesindheid teenoor Daniël. In die eerste regeringsjaar van Belsasar was Daniël nog in Babel werksaam in die administrasie van die koninkryk. Wanneer Daniël hierdie visioen van die Here kry wat in ons hoofstuk beskryf word, is hy in die stad Susan. Daniël is nou uit die paleis van koning Belsasar verskuif om administratiewe werk aan die buitewyke van die koninkryk te gaan verrig. Dit verklaar ook hoekom Belsasar elf jaar later toe die Meders en Perse Babel ingeval het niks van Daniël geweet het nie (Dan 5:13). In hierdie stadium was die stad Susan tot nou toe 'n onbekende plek. Later in die geskiedenis het hierdie stad 'n belangrike stad in die Persiese koninkryk geword – dit was die hoofstad in die tyd van Nehemia en Ester.

Nog iets wat opmerklik anders is van Daniël 8 af tot aan die einde van die boek is dat hierdie laaste vyf hoofstukke, soos hoofstuk 1, in Hebreeus geskryf is. Die ander ses hoofstukke is in Aramees geskryf. Aramees was die wêreldtaal van daardie tyd terwyl Hebreeus die taal van die Israeliete was. Beskou 'n mens die dinge wat die Here in Daniël 2 tot 7 openbaar, kom 'n mens agter dit is sake wat die Here aan die hele wêreld van daardie tyd geopenbaar het, daarom die wêreldtaal. Van Daniël 8 af openbaar die Here dinge wat nodig is vir die volk van God om te weet. In hierdie hoofstukke praat die Here in besonder met sy kerk in die Ou Testament en met sy kerk van vandag.

Wanneer 'n mens eers agterkom dat die openbaring in Daniël 8 'n vergroting is van 'n deel van die openbaring in Daniël 7, besef 'n mens hoekom hierdie hoofstuk in besonder vir die volk van die Here bedoel is. In Daniël 7 het ons agtergekom die openbaring is aangaande die ganse wêreldryke en al die wêreldheersers van Daniël se tyd af tot by die wederkoms van Christus. In daardie hoofstuk het die Here sy volk en die hele wêreld gewaarsku oor hoe koninkryke van die wêreld regtig lyk – hulle is soos wilde diere teenoor mekaar. En Hy het gewaarsku oor die heel laaste aardse koning – die Antichris – wat al die wêreldse magte teen die koninkryk van God gaan inspan vir 'n bepaalde tydperk lank.

In Daniël 8 zoem die kameranale lens in op twee van die vier diere wat Daniël in sy droom gesien het. Wanneer die engel die visioen van die skaapram en die bokram verklaar, hoor ons dat hulle die voorstellings is van twee spesifieke koninkryke – die skaapram is dieselfde as die beer van Daniël 7 en die bokram is dieselfde as die luiperd met die vier vlerke en vier koppe.

Broers, susters en kinders, kom ons kyk ook eers saam met Daniël na die vergroting. Daniël het die skaapram met die twee horings by dieselfde rivier sien staan as waar hy was. Die een horing is langer as die ander een, maar het na die ander een eers uitgekom.

Die twee horings stel die Meders – die korter horing – en die Perse voor. Die Meders het eerste die botoon gevoer in dié koninkryk, maar dit was van korte duur. Die Perse het na hulle die voortou geneem en vir die res van die bestaan van hierdie koninkryk die kroon gedra. Die ram staan met sy agterkant na die ooste toe, want vandaar af is daar geen bedreiging nie. Vanuit die ooste stoot die skaapram kragtig na die weste, die noorde en die suide.

Na die val van die Babiloniese ryk het die Perse hulle in die stad Susan gevestig. Vandaar af het hulle die een verowering na die ander behaal. In die weste het hierdie koninkryk se grens gestrek tot in Masedonië – die is vandag die noorde van Griekeland. Noord was die grens tot verby die onderpunt van die Kaspiese see en in die suide het hulle tot in Libië in Afrika geheers. Daar was regtig geen ander koninkryk wat teen die Persiese ryk weerstand kon bied nie. Hy het almal onderwerp en niemand kon loskom uit sy mag nie. En wanneer 'n koning so magtig word, doen hy gewoonlik net wat hy wil. So het dit ook in die Persiese ryk gegaan.

Die skaapram het nog so breë bors en selfvoldaan daar by die rivier gestaan – tevrede met wat hy kon vermag het – toe sien Daniël 'n ander dier. So asof sonder vooraf waarskuwing het daar 'n bokram vanuit die weste oor die aarde aangestorm gekom. Hy het blitsvinnig beweeg en die skaapram stormgeloop. Hierdie bokram het net een horing tussen sy oë gehad. Die bokram het die skaapram met so geweldige slag getref dat hy sy twee horings afgebreek het, die skaapram teen die grond gegooi het en vertrap het. Niemand kon die skaapram uit die mag van die bokram red nie.

Dit is die ironie van die geskiedenis van mense en wêreldse koninkryke. Wanneer die almagtige God en Skepper van hemel en aarde sy raadsbesluite uitvoer, beteken konings en hulle leëmagte niks nie. Die Persiese koninkryk het vir sy tyd seker die beste wapentuig gehad en die bes opgeleide soldate. Maar dit is nie die krag van die perd of die sterkte van 'n held wat die oorwinning verseker nie. Die eens sterke skaapram word deur 'n nog sterker bokram eenkant toe gedring en sy heerskappy oor die wêreld word verbreek omdat die almagtige God dit so beskik het. Hy regeer volkome oor alles en almal.

Hierdie bokram met die een horing tussen die oë is die Griekse koninkryk, verklaar die engel aan Daniël. Die een horing is die voorstelling van Alexander die Grote wat binne die bestek van tien jaar die hele Persiese koninkryk oorwin het sodat daar nog net in die geskiedenisboeke daarvan gelees word.

Soortgelyke gebeure het vir 'n tweede maal afgespeel op die wêreldtoneel. Die bok het uitermate magtig geword – Alexander die Grote was die heerser oor die hele destydse bekende wêreld. Maar toe hierdie bok sterk geword het, is sy horing afgebreek. Skielik – net so onverwags as wat Alexander die Grote vir die Persiese koninkryk op die toneel verskyn het, so skielik het die Here Alexander die Grote uit hierdie lewe weggeneem. Hy het gesterf. En in die plek van die een horing het die bokram toe vier horings gekry.

Die ganse koninkryk wat Alexander die Grote aan sy voete gehad het, is onder sy vier generaals verdeel en elkeen het 'n koning geword in sy deel van die koninkryk. Dit het egter nie so vreedsaam gebeur as wat dit nou gesê is nie. Die mens is van geaardheid nooit heeltemal tevrede met dit wat hom toegedeel is nie. Die konings wat oor die Siriese deel van die koninkryk geregeer het en die wat oor die Egiptiese deel konings was het mekaar gedurig bestorm en beveg. Dan was die een magtig en na 'n tydperk was dit weer die ander een.

Wat die meeste indruk maak is nie dat daar so baie magtige konings op die wêreldtoneel verskyn nie, maar eerder hoe broos hierdie konings is. Die een horing na die ander word gebreek in 'n stadium wat 'n mens sou dink daar is regtig niemand wat opgewasse teen hierdie koning en sy koninkryk sal wees nie. Die resultaat van die wêreldse koninkryke wat mekaar so een na die ander aanval en oorwin is nie die oorwinning self wat onthou word nie maar die een nederlaag na die ander totdat daar nie meer 'n horing oorbly wat gebreek kan word nie.

Dit is hierdie vertering en verwoesting van die wêreldse koninkryke van mekaar wat die teelaarde is vir die heerskappy van die laaste koning wat Daniël in hierdie visioen gesien het. Daniël vertel dat daar uit een van die vier horings van die bokram 'n horing gekom het wat eers klein was. Uit die vuisvoos wêreld het daar 'n koning na vore getree wat niemand aanvanklik as iemand besonders opgemerk het nie. Maar toe hy eers sy plek vir hom gevind het, het hy groot geword, het hy sy mag laat geld na die suide en na die ooste en na die Pragtige Land toe. Die Pragtige Land is die land wat die Here aan Abraham en sy nageslag toegesê het. Die kenmerk waarvoor hierdie koning onthou word, is dat hy hardvogtig was en geweet het hoe om met sluheid te kry wat hy wil hê.

Maar dit is nie net teen mense wat hierdie koning homself gerig het nie. Hy het homself ook teen die heilige volk opgehef. Hy het teen die gelowiges in die Pragtige Land sy mag laat geld. En hy het selfs verder gegaan. Hy het die tempel van God in Jerusalem ontheilig. As heiden het hy die tempel van sy skatte beroof. Bo-op die brandofferaltaar het hy 'n altaar vir sy afgod Zeus gebou en varke daarop geoffer. Geskifte van die Woord van die Here het hy laat verbrand. En die gelowiges wat gevang is omdat hulle nog tot die Here van hemel en aarde bid en Hom getrou dien, is op die afgrysklikste maniere doodgemaak. Hierdie koning wat Daniël so in al sy wreedheid gesien het se naam was Antiochus IV. Maar hy het vir homself 'n ander naam gegee – Antiochus Epifanes wat beteken *Antiochus die verskyning van god*.

Wanneer ons Daniël 7 en Daniël 8 langs mekaar plaas dan lyk hierdie klein horing wat uit een van die vier horings van die bokram gekom het baie soos daardie elfde horing wat op die vierde dier uitgekom het. Ons moenie die twee met mekaar verwar nie. Hulle is nie een en dieselfde persoon nie. Hulle word wel deur die een en dieselfde mag gedryf – die duiwel. Daarom lyk hulle optrede so baie na mekaar. Die klein horing wat Daniël in hierdie visioen gesien het – Antiochus Epifanes – was in 175 tot 164 vC die koning. Die klein horinkie van Daniël 7 is die Antichris wat in daardie laaste tyd voor die wederkoms van Christus sy afskuwelike dinge gaan doen.

Nou kan daar tereg gevra word: Waarom het die Here dan vir ons iets in die Bybel behoue laat bly wat klaar gebeur het? Die Bybel is mos nie maar 'n geskiedenisboek om vir ons te vertel wat lank gelede gebeur het nie. Dit is inderdaad so, daarom moet ons weer let op wat die engel vir Daniël gesê het:

Let op, mensekind, want die gesig sien op die tyd van die einde.

(Daniël 8:17b AFR53).

Uit hierdie openbaring is daar twee dinge wat duidelik word. Daniël het 'n blik op die eindtyd gekry. Vir homself het hierdie dinge ver in die toekoms gelê – amper vier honderd jaar ver. Maar soos wat die omstandighede destyds was en alles presies in plek was sodat iemand soos Antiochus Epifanes byna ongemerk op die toneel kon verskyn het, so sal dit ook in die tyd van die einde wees.

Die deurmekaar spul wat ons tans in hierdie wêreld beleef is die voorbereiding sodat die wêreld wat tans niks van God en sy Woord wil weet nie die koms van die Antichris nie sal teenstaan nie maar eintlik verwelkom. Antiochus het na vore getree toe die wêreld van daardie tyd vuisvoos van die oorloë met mekaar was. Daar was nie meer 'n horing wat gebreek kon word nie. Daar was nie meer iemand wat met visie leiding kon neem nie. Toe kom hy. En omdat hy met sluheid kon regkry wat hy wou, het baie mense hom as leier erken en ondersteun. Selfs van die Jode het ewe gewillig ingeval by sy planne om die diens aan die lewende God tot niet te maak in Jerusalem.

Soos wat die Here die Antichris vir ons in Daniël 7 beskryf het, kan ons amper nie dink hoe sal iemand wat maak soos wat hy gaan maak tog die wêreldheerser kan word nie. Maar die wêreld sal in daardie stadium ook sonder werklike leiers wees. Van al die geweld teen mekaar sal lande vuisvoor wees. Dan sal daardie klein horinkie sommer so ongemerk na vore kom en vir die wêreld van daardie dae sal hy iemand met visie wees – iemand wat leiding kan neem. Daarom sal die wêreld hom ondersteun en ophef tot die hoogte wat hy onder die toelatlende wil van God gaan bereik.

Niemand moet dus ooit dink dat daar nie iemand soos die Antichris op die wêreldtoneel sal verskyn nie. Allermens mag gelowiges so dink. Antiochus Epifanes staan bekend as die Antichris van die Ou Testament. Die waarskuwing vir die kerk van die Jesus Christus is dus baie duidelik.

En dit bring ons by die tweede ding wat in hierdie openbaring van die wêreldgebeure van die eindtyd duidelik word. Die kerk van die Here was in die dae van hierdie goddelose koning nie uit die wêreld weggeneem nie. Gedurende die jare wat die Perse heerskappy gevoer het, het die ballingskap van Israel tot 'n einde gekom. Israel was verlos uit die ballingskap. Baie gelowiges het teruggekeer na die beloofde land. Maar die verdrukking en vervolging van gelowiges het nie met die einde van die ballingskap ook geëindig nie. Lees maar weer Nehemia en Ester en kyk na die verdrukking wat die gelowiges toe beleef het. En onder die Griekse bewind van Alexander die Grote en die manne wat na hom gekom het, het dit nie beter gegaan nie. Intendeel, die verdrukking het algaande toegeneem totdat Antiochus Epifanes dit tot die uiterste gevoer het.

Om te weet en te vertrou dat Jesus Christus jou verlos het, is 'n heerlike en bevrydende genade. Jou skuld is deur sy kosbare bloed betaal. Jy sal nie onder die strawwe oordeel van God kom oor jou sondes nie, want Christus het jou verlos. Maar hierdie verlossing beteken geensins dat jy as 'n gelowige nou 'n lewe van maanskyn en rose gaan hê nie. Intendeel, nou gaan die moeilikheid eers toeneem. Die duiwel kan dit nie verdra dat die Heilige Gees mense vir wie Jesus gesterf het tot bekering en geloof in Christus bring nie. Sodra iemand deur die Heilige Gees bekeer word, bring Hy daardie mens uit die ryk van die duiwel uit en bring hom in die ryk van Christus.

In sy verwaandheid dink die duiwel dat hy besteel is. Daarom wend hy alles in sy vermoë aan om hulle wat tot bekering gekom het terug te kry. Dit is om hierdie rede dat gelowiges so 'n aanhoudende stryd het onder die aanvalle van die wêreld, hulle eie sondige geaardheid en die duiwel self. In hierdie stryd sal gelowiges moeg en uitgeput word. Maar danksy God se vaste besluit, sal hulle nooit geheel en al uit sy hand weggeruk kan word nie. Laat elke gelowige daarom aanhoudend bid om die genade en die werk van die Heilige Gees sodat ons kan aanhou glo en die Here dien.

Amen!

Slotgebed

Psalm 68:9, 10 (p. 334)

- 9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.
- 10 Gewis, hoe hoog die nood mag gaan, / God sal die vyandskop verslaan, / die skedel so doemskuldig
wat God se heiligheid wou tart, / en daar hy in die kwaad volhard, / sy skuld vermenigvuldig.
Die HEER het self ons toegeseg: / “Ek sal deur mag en wyse oorleg / uit Basan jul vergader;
wanneer jul deur die diepte tree, / dan sal geen golfslag van die see / jul veil’ge voetstap nader.”

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Psalm 84:6 (p. 425)

- 6 In Son en skild is onse HEER; / Hy sal genade gee en eer,
want Hy word nooit sy woord ontrou nie: / Hy sal aan almal wat opreg
Hom dien en wandel in sy weg, / die goeie nimmermeer onthou nie.
Welsalig, HEER, wie op U bou, / aan U geheel hom toevertrou.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
5 Maart 2017